Jerigo Mure Gebedsgids – Junie 2009

Maar God

Ons is by 2009 se halfpad merk. Ons het iets beleef van **Psalm 46:2-6**: …*al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid…God is daar; die stad sal nie wankel nie*. God wil vir ons sê: Ek is daar. Daar waar jy is, is Ek. En God is steeds op die troon. Hy antwoord steeds gebed. Ja, daar is baie vrae. Daar is baie dinge wat ons nie verstaan nie. Daar is antwoorde op gebed waarvoor ons nog wag, en vir sommige antwoorde wag ons al jare. En tog is God nie doof nie. Mag ek dit net weer sê: *God is nie doof nie. God is nie onwillig nie. 2009 het God nie onkant betrap nie.*

Die tyd tussen-in

Ek het in die laaste maande weer aan die lewe van Abraham en Jakob gedink. Hoeveel keer lees ons in die Bybel dat God met hulle gepraat het? Met elkeen van hulle afsonderlik nie meer as 10 keer nie. God het met Abraham gepraat oor 'n kind, maar eers tien jaar later het God weer met hom gepraat. God het met Jakob by Bet-El gepraat en dan lees ons dat God eers ongeveer 20 jaar later weer met Hom gepraat het. Abraham het 175 jaar oud geword en Jakob ongeveer 130 en ons lees in die Skrif net van enkele kere dat God met hulle gepraat het. Dink aan Abraham in die woestyn. Vir 10 jaar sit hy in sy tent, in die stof, in die verskriklike hitte, wind, koue nagte en 'n vrou wat nie swanger raak nie. Niks gebeur nie. En tog bly hy glo: *Al was hy sowat honderd jaar oud en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie. Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee. Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy beloof het* (**Rom.4:19-21**). En so was dit met Jakob. God beloof om hom te seën en dat hy 'n groot nageslag sal hê. Die meeste van die dinge wat God beloof het, het hy nie in sy leeftyd gesien nie. Trouens, daar was baie swaarkry en stryd.

Daar is altyd die tussen-in tye in ons lewens. Die tussen-in tye is baie langer as die tye van wonderwerke, groot oorwinnings en die openbarings van God. So is dit ook met gebed. God belowe, maar die antwoord en die belofte is in die minderheid gevalle nie op dieselfde dag of selfs die volgende dag nie. Dit is in die tussen-in tye dat ons soos Abraham aan die beloftes moet vashou. Dit is in hierdie tye dat ons die Woord moet lees, getrou moet wees in gebed en God meer as die omstandighede glo.

Lees weer **Psalm 2**. Dit is 'n gesprek tussen die Vader en die Seun, waarskynlik nog voor die skepping. Daar belowe die Vader die nasies aan die Seun. Die belofte is al reeds gedeeltelik vervul. Die belofte het egter nog nie in volkome vervulling gegaan nie. Daar is 'n tussen-in tyd. Wat doen Jesus in die tussen-in tyd? Hy tree as Voorbidder in die hemel vir ons in. Hy roep ons op om saam met Hom vir die nasies te bid. Hy stuur ons uit om onder die nasies te gaan werk. Die feit dat Jesus reeds vir duisende jare wag op die vervulling van hierdie belofte, beteken nie dat God Hom nie sal gee wat Hy beloof het nie. Dit sal kom. Maar op God, die Vader, se tyd.

Mag hierdie woorde vir jou hoop gee. Laat ons doen wat ons moet doen (o.a. deur te bid) en God sal doen wat Hy beloof het. Hý weet wanneer en hoe om dit te doen.

Die volgende drie maande

Junie fokus ons op die nood van jongmense en kinders, Julie op die nood en deurbrake in ons land se gevangenisse. In Augustus en September bid ons dat God Homself aan Moslems sal bekendmaak en vra ons Hom om Homself aan ons as Christene te openbaar: Sy karakter, Sy wese, Sy werk. Ons weet so min van God. Ons weet so baie van die wêreld, maar maak nie 'n studie van God self nie.

Ons bid, omdat ons weet dat God ons hoor.

Bennie Mostert
Besturende Direkteur: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Ef.3:20

Wat, waar en wanneer

Internasionaal

31 Mei - 5 Junie 2009: *Call2All* Wêreldkongres

Call2All is 'n vennootskap van sendingagentskappe, denominasies en organisasies, asook van Christenleiers wat almal saamwerk om veral te fokus op die 639 mense groepe met 'n bevolking van meer as 100 000 waar daar sover bekend nog geen sendingwerk gedoen is nie. Leiers van oor die hele wêreld gaan beplan, strategieë uitwerk en nuwe metodes bespreek oor hoe ons vandag mense in die wêreld kan bereik en kan dissipeleer. (*Global Christian Network*. Webruimte: www.call2all.org/hkcongress of www.gcni.org of e-pos: Liz: asianrd@sr21.com of Tom: tadleta@sr21.com).

6-7 Junie 2009: *Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood*

Verlede jaar het God dit moontlik gemaak vir oor die 4 miljoen mense in 100 lande om te bid vir die behoeftes van *Kinders in Nood* in die wêreld. Bid saam met ons hierdie naweek vir ons *Kinders in Nood*, dat God deur Sy Gees deur die strate en gemeenskappe sal beweeg en kinders sal toevou in Sy liefde. Vra dat die werkers fisies, geestelik en finansieel toegerus sal word en sal toeneem in getalle sodat aan elke kind aandag en liefde gegee kan word. Vir meer inligting besoek www.viva.org of e-pos: pray@viva.org

Wat, waar & wanneer

Nasionaal

Junie – November 2009: *Shalom Ministries*

Dra Angus Buchan in gebed op terwyl hy hierdie jaar besig is om met mans regoor die land te praat: 25 Julie in Rustenburg, 15 Augustus in Bloemfontein, 12 September in Upington, 10 Oktober in Vredendal, 14 November in Worcester. *Shalom Ministries*, Posbus 373, Greytown, KwaZulu-Natal. Tel.: 033 417 1695, fax: 033-417 1343. (Webruimte: www.shalomtrust.co.za of e-pos: shalom@futuregtn.co.za).

28 September – 2 Oktober 2009: Die 8ste *Watchman's School of Prayer*

Die 8ste jaarlikse *Watchman's School of Prayer* is 'n geleentheid vir elke gelowige wat die versugting in sy hart het dat dag en nag gebed en aanbidding in hulle gemeente en gemeenskap sal posvat. Hierdie is 'n voltydse vyfdag skool wat fokus op:

- 'n dieper gebedslewe;
- verskillende vorms van individuele en korporatiewe gebed; en
- praktiese wenke oor hoe om 'n 24/7 gebedswag in jou plaaslike gemeente of gemeenskap te begin.

Ons nooi jou uit om een van die 140 afgevaardigdes te wees by die skool, aangebied in Simonstad, suid van Kaapstad, by die unieke *Rocklands* Konferensiesentrum. Ons gaan saam die Here in gebed en aanbidding soek, leer uit mekaar se ervarings en Hom vertrou om die fondasie vir dag en nag gebed in elke kerk en gemeenskap te lê en te versterk. Daar is verblyf vir slegs 120 persone teen **R950-00 per persoon**. Verlede jaar was ons vol bespreek. Registreer dus so gou as moontlik by Lizette by tel.: +27 21 919 7988 of e-pos: cape@jwipn.com

Het u geweet?

Verenigde Koninkryk: Die baie gesigte van 24/7 gebed

24/7 is wérklik 'n beweging, 'n 'movement' wat deur God self beweeg word. Vandat dit in 1999 'per ongeluk' in Chichester, Engeland begin het, was daar 'n ontploffing van gebed en sending wat versprei het tot in meer as 'n derde van die lande van die wêreld. In die Mafia-beheerde ommuurde stad, *Boys Town,* in Meksiko, is een dame tans besig om saam met mans en vrouens te bid wat vasgevang is in siklusse van prostitusie, armoede en dwelms. Sy weet gebed is 'n gevaarlike, ondankbare taak, maar sy projekteer gehoorsaam Christus se liefde, genade en geregtigheid en lewens is besig om te verander. Dieselfde gebeur in Spanje. Ook in die gebied rondom Leipzig, Oos-Duitsland, waar ateïsme en werkloosheid aan die orde van die dag is as 'n laaste oorblyfsel van Kommunisme. 'n Radikale, moderne monnikegemeenskap het in die pragtige dorpie Ramsdorf inbeweeg. Hulle bid vyf keer per dag, is besig om 'n vervalle skoolgebou op te knap, speel voetbal met die plaaslike gemeenskap en bied gratis kunsklasse aan. "Ons bure noem ons net 'Die Christene' omdat ons die enigste Christene is wat hulle nog ooit ontmoet het," sê Markus Laegel. "Dit is nogal spannend, want die wyse waarop ons leef, sal Jesus vir hulle voorhou." (Bron: *Joel News*, Januarie 2009).

Wat is aanlyn

Die *Online Bible*

Webruimte: http://www.online-bible.com/winonlinebible.html

Nuwe vrystellings van die *Online Bible* program sal dit vir jou moontlik maak om die *Online Bible for Pocket PC* af te laai sowel as die *Authorised Version (KJV)* Bible, Easton's Dictionary, TSK, Griekse en Hebreeuse Woordeboeke. Dit sluit al die basiese materiaal in wat jy nodig het vir 'n uiters bruikbare grátis Bybelstudieprogram op jou sakrekenaar. Vir meer inligting: *Windows Pocket PC Online Bible – webruimte:* http://www.online-bible.com/winpocketpc.html

Kry die kronologiese Bybelvideo gratis

Webruimtes:

http://theglorystory.com/html/videos.htm
http://theglorystory.com/html/free_pictures.htm
http://www.brigada.org/2008/10/8-chronological-bible-video.html

Die *Chronological Bible in pictures* is gratis vir kerkgroepe en sendingorganisasies. Die *10 Minute Bible* video is nou beskikbaar by http://theglorystory.com/html/videos.htm
Om prente af te laai en die *10 Minute Bible* te verwerk, besoek: http://theglorystory.com/html/free_pictures.htm
Daar is geen kopiereg op hierdie prente nie.

Ellel Ministries

Webruimte: www.em365.org
Ellel 365 beloof om 'n unieke instrument te wees wat baie mense teen 'n lae koste sal toerus m.b.t. dissipelskap asook emosionele en fisiese genesing. Om die waarheid te sê, so laag soos die prys van 'n gewone koerant! Eersdaags sal dit ook beskikbaar wees in verskeie tale sodat mense regoor die wêreld in hulle eie taal opgelei kan word.

Aanhalings

'n Godvresende man is 'n biddende man. Sodra genade invloei, vloei gebed uit. Gebed is die siel se verkeer na die hemel: God kom af na ons deur Sy Gees en ons gaan op na Hom deur gebed. – Thomas Watson

Ek leer liewer een man om te bid as tien om te preek. – J. H. Howett

Versugtinge wat nie in woorde omgesit kan word nie is dikwels gebede wat nie geweier kan word nie. – C. H. Spurgeon

As jy nie kan bid nie, lees God se Woord totdat dit in jou hart brand – en bid dan. – Jesse Penn-Lewis

Ek het baie mense sien werk sonder dat hulle bid en ek het nooit iets goeds daaruit sien kom nie; maar ek het nog nooit iemand sien bid sonder dat hy godvrugtig werk nie. – James Judson Taylor

Die engel het Petrus uit die gevangenis gaan haal, maar dit was gebed wat die engel gaan haal het. – Thomas Watson

Bid dikwels, want gebed is die skild van die siel, 'n offer aan God en 'n klap aan Satan. – John Bunyan

Dit wat nie met gebed begin nie, loop selde uit op sukses. – John Flavel

Die diepte van 'n herlewing sal noukeurig bepaal kan word deur die diepte van die ingesteldheid op belydenis. – Frank Bartleman

24/7 Gebedswagfokus: Junie-September 2009

Die gebedsfokusse op hierdie bladsy is bedoel om diegene wat betrokke is by 'n 24/7 huis van gebed te help om tegelykertyd op dieselfde dinge te fokus. Hierdie is net riglyne en die gebedswagkoördineerders moet vanselfsprekend hulle eie fokusse byvoeg soos die Heilige Gees hulle lei. Sal jy dit nie oorweeg om **hierdie**

gebedsversoeke op kreatiewe maniere in jou gebedskamer op te sit of om dit in jou stiltetyd te gebruik nie? Gee dit ook vir ander en moedig hulle aan om saam oor hierdie sake in elke maand se gebedsfokusse te bid. Meer inligting is gratis beskikbaar op ons webruimte: www.jwipn.com. Onthou ook om vir ons weeklikse *Prayer Alert* by cape@jwipn.com in te skryf wat sake van die dag dek.

Junie-Augustus: *90 Dae van Seën*
Elke jaar na die *Wêrelddag van Gebed* op Pinksterdag, word die Kerk aangemoedig om op tasbare maniere uit te reik na gemeenskappe; om 90 dae lank die liefde van Jesus prakties uit te dra. Hierdie jaar reik ons uit na mense wat in 'uiters verwaarloosde' toestande woon. Bid asseblief saam met miljoene regoor die wêreld en soek na 'n manier waarop jy prakties betrokke kan raak. Daar is praktiese wenke in die daaglikse gebedsonderwerpe gedurende hierdie tydperk wat jou sal help uitreik na mense wat vergeet word. As Kerk het ons twee hooftake: Die groot gebod en die groot opdrag. Die groot opdrag is om die evangelie van verlossing na hulle wat in sonde en vervreemding van Christus leef, te neem. Die groot gebod is om God en ons naaste soos onsself lief te hê. In **Luk.4:18-19** en **Jes.61:1-2** lees ons meer van wat dit beteken om ons naaste lief te hê. Dit beteken ook om praktiese liefde te toon soos kosgee, omgee, huisvesting verskaf en te bid vir emosionele en fisiese genesing. Dit is waaroor dit in die *90 Dae van Seën* gaan.

Junie: Fokus op *Kinders in Nood*
Daar is soveel geweld teen kinders. Verwaarloosde kinders word wêreldwyd by vullishope aangetref. Ons kyk na die 7 miljoen straatkinders in Brasilië, kindersoldate met lewelose oë, en kinders wat saam met hulle ouers deur die geweld en trauma van oorloë gaan. Dink aan kinderprostitusie, kinderslawerny en kinderarbeid. Mag ons hierdie maand tyd maak om na te dink oor die nood van kinders. En mag dit wees dat God vir ons trane sal gee. Mag ons harte breek oor hierdie stukkende kinders. En mag God ons genadig wees dat ons tegelykertyd met trane en geloof sal bid en ook sal doen wat ons hande vind om te doen. Laat ons bid asof dit ons eie kinders is. Laat ons onthou dat hulle, net soos óns kosbare kinders, na die beeld van God geskape is en die liefde van God nodig het. Jesus het gesê: "*Laat die kindertjies na My toe kom*." Ons neem óns kinders na Jesus, bid vir hulle, versorg hulle, maar wie sal dit vir hierdie kindertjies doen? Ons mag nie by hulle verbyloop nie.

Julie: Fokus op gevangenisse in SA
God is verseker besig om iets groots in baie gevangenisse in Suid-Afrika te doen: Hy is besig om bidders in gevangenisse op te wek, dosyne gebedswagte in baie gevangenisse in vele van die provinsies te vestig, sterk evangeliese uitreike in gevangenisse te loods, nuwe werkers op te roep wat na gevangenes uitreik met verskillende inisiatiewe. Ons fokus gedurende Julie op Suid-Afrika se gevangenisse. As gevangenisse kan verander, kan 'n land verander. Die huidige beweging in gevangenisse bewys vir ons dat gevangenisse nie plekke sonder hoop is nie. Laat ons met geloof bid.

Augustus: Proklamering van God se karakter en werke oor SA
Ons bid oor so baie dinge: ons behoeftes, sondes, uitdagings, demoniese aanvalle, gesinsverhoudinge, pyn en baie persoonlike dinge. Al bid ons tot God, verloor ons God self dikwels uit die oog. Die eerste 21 dae van Augustus gaan ons tyd maak om God te aanbid, op Hom te fokus en om vir onsself en ons land te bid op grond van die karakter en die werke van God. Kom ons vra die Here om deur die magtige werking van die Heilige Gees ons 'n dieper openbaring van Sy goddelike karakter te gee; dat Hy gebed vir ons sal oopmaak en ons sal leer dat Hy meer as genoeg in alle omstandighede is.

September: *Ramadaan*
Ramadaan, die heilige maand van vas vir miljoene Moslems, strek vanaf 21 Augustus tot 20 September 2009. Gedurende hierdie tyd bid Christene oor die wêreld dat God, ons Vader, aan Moslems Sy liefde sal toon en hulle ook sal verlos deur Jesus, Sy Seun. Ons bid dat God Homself aan miljoene Moslems sal openbaar wat ernstig en eerlik na Hom soek en wat wil leef om Hom alleen te verheerlik. Bid met liefde. Moenie bid uit vrees of met 'n meerderwaardige gesindheid nie. Laat ons onsself as die liggaam van Christus verootmoedig omdat ons nalaat om Moslems lief te hê soos Jesus hulle liefhet. Laat ons in hierdie tydperk aansluit by miljoene Christene wat gefokus bid vir Moslems.

Maandag 1 Junie 2009

***Wêreldbiddag*: Danksegging vir God se goedheid**

Dank die Here dat Hy gister miljoene Christene regoor die wêreld bymekaargebring het om vir hulle lande, die Kerk en ongeredde mense te bid. Verheerlik Sy naam omdat Hy die lewens van miljoene aangeraak het en barmhartigheid aan hulle bewys het. Dank Hom vir elke gebed wat Hy verhoor het. Laat ons saam met elke skepsel in die hemel, op die aarde, onder die aarde en in die see tot God roep en sê: *"Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid"* (**Op.5:13**).

***90 Dae van Seën:* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 1**

Bid die seën: *Toe het God gesê: "Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word." So het dit gebeur. God het die droë grond "aarde" genoem, en die waters wat bymekaar gekom het, het Hy "see" genoem. En God het gesien dit is goed. Toe het God gesê: "Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit." So het dit gebeur. Die aarde het groen plante laat uitspruit wat elkeen na sy aard saad gee, en bome wat vrugte dra met die saad daarin, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed* (**Gen.1:9-12**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat die Drie-enige God – Vader, Seun en Heilige Gees – die Skepper van die Hemel en die Aarde en van alle geskape dinge is. Ek glo dat Hy met die mag van Sy hande alles in stand hou (**Hand.17:24; Heb.1:3**).

Bid te voet: Bid by die vuilste plek in jou gemeenskap of stad, byvoorbeeld die vullishoop, en toon jou besorgdheid oor die skepping deur die vullis in jou eie straat op te tel.

Belangrike Nota: Ons moedig bidders aan om fisies by die verskillende plekke gaan bid. Dit help jou om met groter insig te bid as jy weet hoe dit daar lyk en wat daar gebeur. Maar om *prayer-walking* te doen of fisies by 'n plek te gaan bid, is nie 'n geesteliker vorm van gebed as wat jy by jou huis of kerk sou bid nie. Dit kan jou egter help om beter te verstaan.

Gebedsfokus op gesondheid: Suid-Afrika se kinders in gevaar

Indien daar aan die kinders van Suid-Afrika op grond van hulle algemene gesondheid punte toegeken sou word, sou hulle 'n powere C-minus (60-65 persent) behaal, het 'n gesondheidstudie getoon. Volgens die *Healthy Active Kids Report Card*, loop Suid-Afrikaanse kinders toenemend die gevaar om later in hulle lewens chroniese siektes te ontwikkel. Die vier vernaamste faktore wat hiertoe bydra, is die gebruik van tabak, 'n swak dieet, die gebrek aan fisiese aktiwiteit en oorgewig – almal aspekte waarin hulle as "gemiddeld" of "onder gemiddeld" beoordeel is. (Webruimte: http://www.iol.co.za/html/frame_babynet.php?art_id=iol1221203006571S232&newslett=1). Bid dat die kinders se toestand in minstens hierdie vier opsigte sal verbeter. Vra dat die ouers in staat sal wees om beter na hulle kinders se basiese fisiese behoeftes om te sien. Bid vir God se beskerming teen besoedelde water, lug en kunsmatig geneties gemanipuleerde en ander skadelike kosse.

Dinsdag 2 Junie 2009

***90 Dae van Seën:* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 2**

Bid die seën: *God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep. Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: "Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip"* (**Gen.1:27-28**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat God die mens na Sy beeld gemaak het om oor die hele aarde te heers (**Gen.1:26**).

Bid te voet: Bid vir die pasgebore babas by die neonatale eenheid van jou plaaslike hospitaal. Doen dit bv. terwyl jy in die hospitaal-kafee tee drink of deur die gange stap. Bid God se beloftes uit die Bybel oor hulle lewens.

Gebedsfokus op die Woord: Oudio-Bybel op sonkrag

In 2005 het *MegaVoice* die eerste oudio-Bybel wat met sonkrag werk, bekendgestel. Dit bevat 'n kragtige ingeboude luidspreker en opening vir 'n oorfoon. Hierdie *MegaVoice* oudio-eenheid oorkom baie kulturele, tegnologiese en taalprobleme wat die gedrukte Woord nie kan doen nie. Mense wat nie kan lees nie, kan hoor! In vennootskap met talle uitreik-organisasies het *MegaVoice* meer as 100 000 "Ambassador" oudiospelers aan mense groepe onder meer as 100 nasies versprei. *MegaVoice* se verspreidingsvennote berig dat hierdie spelers in die loop van 'n jaar met minstens 500 mense gedeel word. Dit beteken dat miljoene mense reeds die Woord van God vir die eerste keer gehoor het. (Webruimte: http://www.megavoice.com/press/PressReleaseJune2008.pdf). Dank die Here dat Hy ons

gebede deur die jare beantwoord het! Bid vir die nodige fondse vir die vervaardiging van hierdie spelers, wat ongeveer R500 stuk kos.

Woensdag 3 Junie 2009

***90 Dae van Seën:* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 3**

Bid die seën: *Sy [Jesus se] antwoord aan die boodskappers was: "Gaan vertel vir Johannes wat julle gesien en gehoor het: blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig. En gelukkig is die man wat nie aan My begin twyfel nie"* (**Luk.7:22-23**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus nie vir enigiemand partydig is nie en dat Hy alle mense as gelyk voor Hom beskou, ongeag hulle ras, status of sosiale posisie (**Jak.2:1-8**).

Bid te voet: Bid vir die uitgeworpenes in jou gemeenskap, byvoorbeeld in plakkerskampe, vir hulle wat geminag word deur hul landgenote, vir hulle in 'n psigiatriese inrigting, en toon God se liefde vir hulle op praktiese maniere soos God jou lei.

Gebedsfokus op gesondheid: Kliniek by *Emmanuel Christian Training Centre (ECTC)*

Die klein kliniek by die *ECTC* in Suid-Soedan behandel gemiddeld 20 mense per dag. Daar is baie mense in die gebied wat steeds as onbereik beskou word, en die personeel is opgewonde oor elke geleentheid om die evangelie met ander te deel. Dit word gereeld en op 'n gestruktureerde wyse gedoen. Dank die Here vir die feit dat die kliniek by die *ECTC* getrou mense kan behandel, o.a. mense wat teen gereelde aanvalle van malaria moet stry. (*Geopende Deure*. Tel.: 011 888 9341, faks: 011 888 9362. Webruimte: www.opendoors.org.za of e-pos: southafrica@od.org).

Donderdag 4 Junie 2009

***90 Dae van Seën:* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 4**

Bid die seën: *... Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie. Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word. Oor ons oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom* (**Jes.53:3-5**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus vandag nog siekes gesond maak deur die krag van die Heilige Gees (**Matt.10:8; Jak.5:14**).

Bid te voet: Besoek 'n hospitaal en bid vir die siekes met die vaste geloof dat God hulle gesond kan maak. Bid vir die pasiënte wat slaap sonder om hulle wakker te maak. (Maak altyd eers seker wat die hospitaal se beleid is t.o.v. besoeke deur persone wat nie familie is nie.)

Gebedsfokus op armoede: Vroue ly die meeste tydens 'n voedselkrisis

Stygende voedsel- en brandstofpryse het tot gevolg dat 130 miljoen arm mense verder in armoede verval. As kinders honger is, gaan hulle na hulle ma, nie na hulle pa nie, en as daar min kos is, is dit die vroue wat eerste minder eet. Baie mense in Burkina Faso bestee 75% of meer van hulle inkomste aan kos, swanger vroue en jong moeders offer mediese sorg op terwyl nog ander hulle tot prostitusie wend om kos te kan koop. (Webruimte: http://www.upi.com/Top_News/2008/07/20/Report_Women_suffer_most_in_food_crisis/UPI-75681216566414/). Bid vir die haglike posisie van arm vroue vandag. Vra dat God op bonatuurlike wyse in hulle daaglikse behoeftes sal voorsien. Bid dat baie hulle tot God sal wend en hulle tot Hom sal bekeer soos wat hulle beleef dat Hy op hulle geroep antwoord. Moet nooit vergeet om God te dank dat jy kos op die tafel het nie.

Vrydag 5 Junie 2009

***90 Dae van Seën:* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 5**

Bid die seën: *"As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel. As jy luister na die Here jou God, sal al hierdie seëninge oor jou kom en jou lewe verryk. Jy sal geseën wees in die stad, jy sal geseën wees in die oop veld. Jou nageslag sal geseën wees, en die opbrengs van jou lande en die aanteel van jou diere, jou kalweroes en jou lammeroes. Jou oesmandjie en jou knieskottel sal geseën wees. Jy sal geseën wees waar jy ook gaan"* (**Deut.28:1-6**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat al die gesag in hemel en op aarde aan Jesus Christus gegee is en dat daar geen einde aan Sy heerskappy sal wees nie (**Matt.28:18; Jes.9:7**).

Bid te voet: Bid vir, en as jy in die gebied woon, besoek plekke wat die hoogste gesag in jou stad, dorp of land verteenwoordig, byvoorbeeld die parlement, paleis, hoër hof of die President se kantoor. Pleit God se beloftes af op die mense wat daar werk.

Gebedsfokus op hongersnood: Voedseltekorte in Noord-Korea
Mense in Noord-Korea se landelike gebiede sterf as gevolg van voedseltekorte, en dis net 'n kwessie van tyd voordat daar 'n ontsaglike hongersnood gaan uitbreek. Die voedselsituasie is net so ernstig soos die hongersnood wat die land in die middel van die 1990's getref het, waarin meer as twee miljoen mense omgekom het. Hierdie jaar is die voedselprobleem vererger deurdat die oeste verlede jaar deur die verwoestende oorstromings in die wiele gery is. Na raming ondervind 6,5 miljoen mense 'n voedseltekort, en dié getal kan styg as die tekorte nie aangevul word nie. (Webruimte: http://www.cnn.com/2008/WORLD/asiapcf/05/09/nkorea.famine.ap/). Noord-Korea gaan nie net gebuk onder 'n fisiese hongersnood nie, maar veral ook onder 'n geestelike nood. Roep tot God vir oop deure vir die evangelie, veral vir die inheemse Kerk in Suid-Korea. Bid ook dat God op 'n bonatuurlike manier sal ingryp en in die behoeftes van die mense van Noord-Korea sal voorsien.

Saterdag 6 Junie 2009
***90 Dae van Seën:* 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 6**
Bid die seën: *Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydskap volkome kan wees. Dit het Ek deur beeldspraak vir julle gesê. Daar kom 'n tyd wanneer Ek nie meer deur beeldspraak met julle sal praat nie maar julle reguit van die Vader sal vertel. Van daardie dag af sal julle in my Naam bid en hoef Ek nie julle voorspraak by die Vader te wees nie, want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefhet en glo dat Ek van God gekom het. Ek het van die Vader gekom en Ek is hier in die wêreld. Nou verlaat Ek weer die wêreld en Ek gaan na die Vader toe … Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin"* (**Joh.16:24-33**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus die Lig vir die wêreld is en dat die lig die duisternis sal oorwin (**Joh.1:4-5**).
Bid te voet: Bid buite afgodstempels, gewyde plekke vir ander gode, moskees of oeroue plekke van afgods-aanbidding, en verkondig en proklameer die waarheid van Jesus Christus. Maak seker daar is nie onbelyde sonde in jou eie lewe nie en dat jy met nederige gebrokenheid en onder Sy leiding bid. Vra vir Sy beskerming, nie net vir jouself nie, maar ook vir jou gesin, familie en almal se besittings.

Gebedsfokus op kinders: *Wêreldnaweek van gebed vir kinders in nood* 6 -7 Junie 2009
Verlede jaar het meer as vier miljoen mense in 100 lande gebid vir die behoeftes van kinders in nood in die wêreld. Vanjaar is die gebedsfokus gebaseer op **Johannes 10:10** en die oorvloedige lewe wat Jesus vir ons gebring het. Daar is tans meer as 1,2 miljard kinders in die wêreld wat gereken word dat hulle in nood verkeer. Ons bid hierdie naweek dat die liefde van Jesus hierdie generasie sal aanraak en ons sal dring om ter wille van hierdie kleintjies wat swaarkry, te bid en op te tree. (Vir toegang tot verdere bronne, besoek: www.viva.org/pray)

Sondag 7 Junie 2009

Memoriseer
Die Here laat blindes sien, Hy ondersteun dié wat bedruk is. Die Here het die regverdiges lief (**Ps.146:8**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op God
Kom in Sy huis met dankliedere en lofsange
Volgens **Psalm 100:4-5**, is die paspoort om by die huis van God in te gaan, dankliedere en lofsange. Lofsang beteken eenvoudig om God te loof vir dit wat Hy gedoen het. So antwoord ons Hom. Wanneer ons God loof en dank, sê ons vir Hom dat ons glo dat Hy in beheer van ons lewens is, en dit is waarin Hy 'n behae het. Ons vas en bid gewoonlik maklik oor dinge wat vir ons belangrik is. Tog staan ons nie altyd die tyd af om Hom met dieselfde erns en intensiteit te dank nie.
Stel jouself in op God se perspektief: Om lofprysing en danksegging makliker te maak, kan jy 'n boekie met gebedsversoeke gebruik. Neem 'n paar minute en maak aantekeninge van die gebedsversoeke wat God geantwoord het. Dank en loof Hom daarvoor. Doen dit in jou hart, met woorde, met die neerskryf van 'n gebed, met sang of enige ander manier waarmee jy gemaklik voel. Maar moenie toelaat dat enige verskoning jou verhinder om Hom te loof en te dank nie.

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 7**
Bid die seën: *Toe het Hy 'n kindjie geneem en hom tussen hulle laat staan. Hy het sy arm om hom gesit en vir hulle gesê: "Elkeen wat so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My; en elkeen wat My ontvang, ontvang nie net vir My nie, maar ook vir Hom wat My gestuur het"* (**Mark.9:36-37**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat God kinders liefhet en hulle wil seën (**Matt.19:13**).
Bid te voet: Besoek 'n kinderhuis of 'n klompie straatkinders en deel God se liefde met die kinders deur speletjies met hulle te speel of hulle volgens hulle behoeftes te help of dit selfs te oorweeg om 'n kind huis toe te neem vir die naweek. Verkry natuurlik eers die nodige goedkeuring en toestemming.

Getuienis: Agtjarige 'begin' Huiskerk

'n Pa van Port Elizabeth, Suid-Afrika, vertel die volgende storie oor sy agtjarige seun Matt: "In die loop van verlede jaar het hy bevriend geraak met 'n seun in sy klas en in hulle gesprekke het Matt vir sy maatjie gevra of hy al sy hart vir die Here gegee het. Jamie het nee gesê maar dat hy graag wil. Matt se ma het gevoel dit sal wys wees om Jamie se ma te kontak en vir haar te sê dat Jamie 'in geestelike dinge belangstel'. Tot ons vreugde het sy voorgestel dat sy 'n paar vriende wou nooi (om meer te kom hoor). Dit was ses maande gelede. Nou het God 'n aktiewe huiskerk gevorm met 'n hele klompie mense (ongeveer 30) wat gered is, kinders sowel as grootmense. Waarskynlik is die bevredigendste vir ons almal om te sien hoe bly Jamie en sy ouers en suster is oor die lewe wat Jesus in hulle huis ingebring het en dat hulle Hom nou saam kan dien. Kinders het 'n baie groter vermoë as volwassenes om die harte van ongelowige gesinne oop te breek. Dit het so min gekos vir hierdie wonderwerk om te gebeur! (Bron: *Joel News International*, JNI 672, Januarie 28, 2009).

Maandag 8 Junie 2009
Gebedsfokus op redding: Ryk mense
Sommige ryk mense vind dit moeilik om te glo dat God hulle liefhet, terwyl ander glad nie in God belangstel nie. Hulle glo dat hulle self hard gewerk het vir dit wat hulle het en dat God geen aandeel daaraan gehad het nie. Dank die Here vir elke welgestelde persoon wat Hom heelhartig volg en Hom met alles wat hulle besit, eer. Bid dat 'selfgemaakte' rykes betyds hulle afhanklikheid van God sal besef. Bid dat ander rykes, soos nodig, genesing en vergifnis van teleurstellings sal ontvang en Jesus Christus sal vind as die Hoop op heerlikheid en die Een wat hulle siele onvoorwaardelik liefhet.

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 8**
Bid die seën: *Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur! Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep. Wie weet of Hy nie die straf sal herroep nie; of Hy nie weer voorspoed sal gee nie sodat daar weer graan- en drankoffers sal wees vir die Here julle God!* (**Joël 2:12-14**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat God barmhartig en vol ontferming is teenoor alle mense (**Ps.103:13**).
Bid te voet: Bid by ramptonele in jou gemeenskap, byvoorbeeld aardbewings, oorstromings, brande, tonele waar geweld plaasgevind het (moorde, verkragtings of motor-ongelukke waar onskuldige bloed vergiet is), ensovoorts. Vra vir God om barmhartigheid en ontferming aan die slagoffers te betoon. Bewys God se omgee in dade van liefde teenoor hulle. Dink daaraan om langtermyn betrokke te raak soos God dit op jou hart lê.

Gebedsfokus op aborsie: Die gevaar van aborsie
'n 26-jarige vrou is in hegtenis geneem omdat sy haar drie maande oue fetus in 'n asblik by 'n hotel gegooi het. Die vrou is in haar blyplek opgespoor waar sy erken het dat sy pille gedrink het wat sy by 'n man gekry het wat vroue help om aborsies te hê. Die vrou is in 'n kritieke toestand in die hospitaal opgeneem. (Webruimte: http://news.iafrica.com/sa/1243259.htm). Bid asseblief vir swanger vroue, dat hulle die kosbaarheid van 'n ongebore lewe sal verstaan en daarom twee keer sal dink voordat hulle 'n aborsie kry en liewer 'n manier sal vind om die baba te laat aanneem. Roep tot God namens die ongeborenes, dat hulle die geleentheid sal kry om ook hulle lewens in volheid te lei.

Dinsdag 9 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 9**

Bid die seën: *"Die Here sal jou vyande wat jou aanval, vir jou laat vlug. Hulle sal uit een rigting teen jou opruk, maar in talle rigtings voor jou uit vlug. Die Here sal die seën beveel om oor jou te kom, oor jou graanskure en oor alles wat jy aanpak. Die Here jou God sal jou seën in die land wat Hy aan jou gee. As jy die gebooie van die Here jou God gehoorsaam en sy wil doen, sal Hy jou in stand hou as sy heilige volk soos Hy met 'n eed aan jou beloof het. Al die volke op die aarde sal weet dat die Naam van die Here oor jou uitgeroep is, en hulle sal bang wees vir jou"* (**Deut.28:7-10**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat geloof in God my sal help om elke vrees te oorwin, omdat God ons nie 'n gees van lafhartigheid gegee het nie, maar 'n een van liefde, krag en selfbeheersing (**Heb.11:6; 2 Tim.1:7**).

Bid te voet: Bid by plekke of in 'n woongebied wat die oorsaak van vrees is, bv. misdaad, geweld, armoede, onreg ensovoorts. Bid ook by plekke waar daar bloed vergiet is, slagvelde en ongelukstonele.

Gebedsfokus op MIV onder kinders: 2,5 Miljoen kinders leef met MIV

Volgens skattings deur *UNAIDS* is daar nou meer as 33,2 miljoen mense wat met MIV saamleef, insluitend 2,5 miljoen kinders. (Webruimte: http://www.avert.org/worldaid.htm). *God van geregtigheid en mag, wek gesalfdes op wat sal voor loop op die pad na geregtigheid, terug na U en U riglyne vir die lewe. Wek evangeliste op wat gevul is met die krag van U Gees, wat wonders in U Naam sal doen: Die siekes gesond sal maak, blindes sal laat sien, lammes sal laat loop, en sterwende VIGS-kindertjies sal laat opstaan om 'n lang lewe tot eer van U Naam te leef.* (**Luk.4:18-19; Jes.61:1-2**).

Woensdag 10 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 10**

Bid die seën: *Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon! Dit is soos reukolie wat van die kop af in die baard afloop, die baard van Aäron, af tot by die soom van sy klere. Dit is soos die dou van Hermonberg wat op die berge by Sion val. Waar broers so saam woon, skenk die Here sy seën: 'n lang, lang lewe* (**Ps.133:1-3**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus die Hoof is van die Kerk, dat Hy die Kerk sal opbou en dat die magte van die doderyk dit nie sal oorweldig nie (**Kol.1:18; Matt.16:18**).

Bid te voet: Doen 'n gebedswandeling (loop en bid) in jou gemeenskap en bid by al die kerke vir eenheid, volharding, groei en dat die krag van die Heilige Gees deur hulle sal sigbaar sal word. As God jou so lei, maak 'n afspraak met die geestelike leier van 'n gemeente en bid saam met hom. Bid spesifiek vir hulle wat die kudde moet lei.

Gemeenskapsopheffing: *Valcare Trust*

Valcare Trust is 'n nie-winsgewende Christen-organisasie wat poog om armoede in die Paarl-Vallei te verlig. Hulle tree op as 'n inligtings- en netwerk-organisasie en verskaf sodanige dienste aan gemeentes, projekte of organisasies, besighede en ander diensverskaffers. Dank die Here vir hulle wat bereid is om uit te reik met projekte om die fisiese omstandighede van mense in hierdie gebied te verbeter. Bid dat meer mense by hierdie projek betrokke sal raak en dat dit praktiese vrug sal dra. (*Valcare Trust*, Louie Straat 2, Paarl, 7646. Tel.: 021 872 2365, faks: 021 872 2376. Webruimte: www.valcare.org.za of e-pos: admin@valcare.org.za).

Donderdag 11 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 11**

Bid die seën: *'n Stad kry 'n goeie naam wanneer opregte mense dit prys, maar dit word afgebreek deur wat goddelose mense daarvan sê* (**Spr.11:11**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus die Woord van God is en dat hierdie Woord redding bring (**Joh.1:1; Jak.1:21**).

Bid te voet: Bid by 'n plaaslike drukker en/of koerantkantoor. Vra dat woorde van geregtigheid 'n seën sal wees, maar dat boosheid gestuit sal word (**Spr.11:11**).

Gebedsfokus op kinders in Lesotho

Love in Action Lesotho is 'n uitreikbediening in Maseru. Prys God dat mentors vir die *Network Care* projek geïdentifiseer en opgelei is. Dié projek het ten doel om in die fisiese, emosionele en geestelike behoeftes van kinders te voorsien. Bid vir wysheid met die keuring van persone wat vir die taak geskik is. Bid ook vir die *Jewels of Hope*

projek, waarin veertig ouerlose tieners elke week bymekaarkom om juwele te maak wat dan verkoop word en hulle van 'n klein inkomste voorsien. (*Viva - Together for Children*. Webruimte: www.viva.org of e-pos: jgreen@viva.org).

Vrydag 12 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 12**

Bid die seën: *En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus* (**Fil. 4:19**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus getrou en regverdig is en dat Hy in al ons behoeftes sal voorsien (**2 Tim.2:13**).

Bid te voet: Indien enigsins moontlik, probeer om by vlugtelingkampe te gaan bid of by plekke waar ontwortelde persone bly, bv. oornagskuilings. Betoon God se liefde en praktiese sorg aan hulle.

Gebedsfokus op malaria: Hulp vir kinders om malaria te oorkom

'n Nuwe malariapil met 'n kersiegeur werk net so goed teen malaria as die middels wat tans gebruik word, is maklik vir kinders om te sluk en kan lewens red. Die tablet is nie so bitter soos die huidige middels nie en hoef nie fyngedruk te word voordat dit ingeneem word nie. Dit maak dit makliker vir kinders in gebiede waar die siekte endemies is om met die behandeling vol te hou. Die *Wêreldgesondheidsorganisasie* raam dat malaria in 2006 – die laaste jaar waarvoor gegewens beskikbaar is – wêreldwyd die dood van 881 000 mense veroorsaak en 247 miljoen geïnfekteer het. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=31&art_id=nw20081015012512857C193991&newslett=1&em=177813a1a20081015ah). Bid volhardend dat effektiewer en goedkoper oplossings vir malaria gevind sal word. Bid vir God se ontferming oor kinders en dat baie genees sal word namate Christene bid vir die genesing van persone wat met malaria geïnfekteer is.

Saterdag 13 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 13**

Bid die seën: *Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome, soos hoë seders op die Libanon. Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God. Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees. So sal blyk dat die Here regverdig is, dat daar by Hom geen onreg is nie. Hy is my rots* (**Ps.92:13-16**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat die Heilige Gees die Trooster is wat deur Jesus gestuur is om ons by te staan (**Joh.14:16-18**).

Bid te voet: Bid vir en bewys vandag 'n goeie daad aan 'n bejaarde persoon of besoek 'n tehuis vir bejaardes om vir die inwoners te bid. Wees bedag daarop om respek aan ouer mense te betoon en leer kinders om dieselfde te doen.

Gebedsfokus op babas: 'n Vyf-in-een-vaksine

Pentacel is die eerste vaksine wat teen vyf siektes tegelyk immuniseer – witseerkeel, tetanus, kinkhoes, polio and *haemophilus influenzae* tipe B. Meer as 5 000 babas wat met hierdie vaksine ingeënt is, het slegs geringe newe-effekte getoon, waaronder koors en rooiheid en swelling op die plek waar dit ingespuit is. Dit verminder die 23 inspuitings wat kleuters onder 18 maande kry met 30%. (Webruimte: http://www.time.com/time/specials/2008/top10/article/0,30583,1855948_1863993_1864002,00.html). Dank die Here vir mediese deurbrake soos hierdie. Hou aan bid vir mediese navorsing sodat daar baie deurbrake sal kom wat kinderlewens kan red.

Sondag 14 Junie 2009

Memoriseer
Niks is vir God onmoontlik nie (**Luk.1:37**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op God (2)

Kom in sy teenwoordigheid deur Sy Woord te eer

Ons begin onsself uit God se perspektief sien wanneer ons oor Sy Woord en die beloftes in Sy Woord mediteer. 'n Lofgebed is ons belangrikste wapen teen 'n kritiese gees. Die Bybel belowe nie vrede aan diegene wat op ander se

foute hamer nie. Dit sê: "*U bewaar elkeen wat op U vertrou in vrede, die mense wie se gedagtes op U gerig is*" (**Jes.26:3 NLV).** As jy jou gedagtes op Hom gerig hou, het jy min tyd oor om aan ander dinge te dink!

Stel jouself in op God se perspektief: Dis nie maklik om jou gedagtes op God gerig te hou nie. Jy moet letterlik jou dinkspiere oefen om dit te kan doen. Een manier is om baie meer tyd met die Woord van God deur te bring, en so jou gemoed met Sy gedagtes vol te maak. Lees die Bybel of luister na 'n klankopname van die Bybel. Ongeag watter manier die beste vir jou werk, wend hierdie week 'n spesiale poging aan en begin doen dit net!

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 14**

Bid die seën: *"Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit. Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei. Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan. "Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die Koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit, want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves; Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die gevangenis, en julle het My besoek.' Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink? En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee? Wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis en U besoek?' En die Koning sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen'* (**Matt.25:31-40**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus gekom het om gevangenes vry te laat en dat Hy deur sy dood aan die kruis die houvas van sonde oor ons lewens verbreek het (**Luk. 4:18**).

Bid te voet: Besoek vandag 'n gevangenis en bid vir die gevangenes, hulle gesinne en hulle behoeftes, selfs al kan jy nie by die gevangenis self ingaan nie.

Kinders bid vir kinders: Hoe om te bid vir iemand wat 'n Moslem is

Wie is hulle? Ongeveer 3 700 van die 10 000 mense groepe in die wêreld wat nog nie van Jesus gehoor het nie, is Moslems. 'n Mense groep is 'n groep wat dieselfde taal praat, op dieselfde manier leef en meerendeels in dieselfde dinge glo.

Wie is hulle? Moslems woon in Wes- en Noord-Afrika, Midde-Ooste, Midde-Asië, Suid-Asië en Indonesië.

Wat glo hulle? Moslems glo in een goddelike wese wat hulle Allah noem. Allah (of god) is nie dieselfde God wat ons dien nie. Ons God is drie in een, die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Allah is bekend gestel deur 'n boodskapper wat Mohammed genoem word. Moslems glo dat Jesus maar net 'n goeie profeet was, nie die Seun van God nie, maar hulle glo ook dat Hy na die aarde sal terugkeer. Hulle geloof behels dat hulle die pad hemel toe moet verdien deur meer goeie werke as slegte werke te doen.

Hoekom moet ons bid? Ons bid vir hulle want hulle ken nie die enigste weg tot ons Hemelse Vader, deur Sy Seun Jesus Christus nie.

Hoe kan ek bid?

Maandag: Here, help die Moslems om te besef dat U sondes vergewe en dat verlossing verkry word deur geloof in Jesus Christus en nie deur werke nie (**Psalm 130:3-4, Efesiërs 2:8-9**).

Dinsdag: Vader, seën en bewaar alle Moslems wat Christene word en uit hulle samelewings gedryf, verwerp en vervolg word deur hulle gesinne. Help hulle om sterk te staan en dankbaar te bly oor hulle verlossing. Beskerm hulle asseblief teen persoonlike skade en spaar hulle lewens (**Matteus 5:10-12**).

Woensdag: Vader, sal U Uself deur drome en visioene aan Moslems openbaar sodat hulle kan besef dat Jesus die Seun van God is (**Joël 2:28**).

Donderdag: Dankie Vader vir elke sendeling wat werk in 'n land wat vyandig is teenoor Christene, soos bv. Afghanistan, Israel, Albanië, Noord-Indië, Pakistan en Indonesië. Seën hulle omdat hulle bereid is om hulle lewens te waag. Beskerm hulle asseblief elke dag, help hulle om vas te staan in die geloof en om sterk en moedig te wees (**1 Korintiërs 16:13**).

Vrydag: Vader, ons bid dat wanneer Moslemkinders U Woord hoor oor Christenradio- en televisie-uitsendings, dat hulle duidelik die waarheid oor Jesus Christus sal verstaan en dit met hulle hele hart sal glo (**Jesaja 55:10-11).**

Maandag 15 Junie 2009

Gebedsfokus op redding: Arm mense

Baie mense is behoeftig omdat hulle verkeerde keuses gemaak en nie hulle vertroue in God gestel het nie. (Daar is egter ook wonderlike arm persone wat heeltemal vergenoeg is in hulle verhouding met God.) Oor die algemeen kan arm mense dalk voel hulle word oor die hoof gesien en verwaarloos, en verag hulle dikwels ryk mense omdat dié meer besittings het as hulleself en ook omdat hulle geld verkwis. Bid vir diegene wat vandag 'n gebrek het aan middele om in hulle basiese behoeftes te voorsien. Vra dat hulle hulle harte onverdeeld op God as die Een wat hulle gebede antwoord, sal rig en ook dat hulle hulle lewens aan Hom sal wy en Hom as hulle een en enigste God sal volg.

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 15**

Bid die seën: *Die Here sal jou oorlaai met die goeie: met 'n nageslag, met die aanteel van jou vee, met die opbrengs van jou grond in die land wat die Here met 'n eed aan jou voorvaders beloof het om aan jou te gee. Die Here sal sy goeie voorraadskuur, die hemel, vir jou oopmaak om vir jou land reën te gee op die regte tyd, om alles wat jy doen, te seën. Dan sal jy aan baie nasies kan leen, maar self sal jy nie hoef te leen nie. As jy luister na die Here jou God se gebooie wat ek jou vandag gee, as jy hulle gehoorsaam en daarvolgens lewe en nie ander gode aanhang en dien en so afwyk van alles wat ek jou vandag beveel nie, sal die Here jou God jou die kop maak, nie die stert nie, en sal jy altyd bo wees, nie onder nie* (**Deut.28:11-14**).

Sê wat jy glo: Ek bid en bely dat die God van hemel en aarde die vensters van die hemel kan open en in al die behoeftes van my nasie kan voorsien (**Mal.3:10; 2 Kor.9:7-10**).

Bid te voet: Bid by die ekonomiese hoofkwartiere van jou land, byvoorbeeld die effektebeurs, reserwebank, finansiële instellings, banke ensovoorts.

Gebedsfokus op kinders: Projek vir straatkinders in Kenia

Prys God vir sy voorsiening vir die *Molo Street Children Project* in Kenia. Hulle kon 'n stuk grond met 'n huis koop, wat nou gerestoureer word vir akkommodasie sodat die hostel en dagsorgsentrum op dieselfde perseel sal wees. Die kinders en personeel het saam begin bid en God gedank en die perseel aan Hom gewy. Daar word tans ongeveer 70 kinders versorg, van wie ongeveer 40 weeskinders is. (*Viva - Together for Children*. Webruimte: www.viva.org of e-pos: jgreen@viva.org). Dank die Here vir die verhoring van gebede vir die kinders en spesifiek weeskinders. Bid dat hierdie en ander projekte suksesvol sal wees en guns sal vind by die plaaslike owerheid om die evangelie aan kinders te bring.

Dinsdag 16 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 16**

Bid die seën: *"Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word; seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word. As iemand jou op die een wang slaan, bied hom ook die ander een aan. En vir iemand wat jou boklere vat, moet jy ook jou onderklere nie weier nie. Aan elkeen wat iets vra, moet jy gee; en as iemand jou goed vat, moet jy dit nie terugeis nie. Behandel ander mense soos julle self behandel wil word. As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Ook die sondaars het net dié lief wat vir hulle liefhet. En as julle goed doen net aan dié wat aan julle goed doen, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Die sondaars maak maar net so. En as julle geld leen net aan dié van wie julle hoop om dit terug te kry, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Sondaars leen ook aan sondaars, solank hulle maar dieselfde bedrag kan terugkry. Nee, sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande liefhê en goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle 'n groot beloning wees: julle sal kinders van die Allerhoogste wees, omdat Hy self goed is vir die ondankbares en slegtes* (**Luk.6:27-35**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat ek deur Jesus Christus met God versoen is en dat ek die bediening van versoening ontvang het en deur goed te doen, die bose sal oorwin (**2 Kor.5:19; 1 Pet. 3:9; Rom.12:21**).

Bid te voet: Bid vir enige persoon wat jy meen jou vyand is. Vra vir God hoe jy hom/haar vandag op 'n praktiese manier kan seën, selfs al stuur jy net 'n SMS.

Jeugdag

Suid-Afrika vier vandag *Jeugdag*. Ons jeug het 'n enorme invloedsfeer in die nasie. Byna 50% van die bevolking sal binnekort jonger as 25 jaar wees. Bid vir die redding van jongmense in ons land. Bid oor dwelms, seksuele betrokkenheid voor die huwelik, bendes en die invloed wat hierdie bedrywighede op ons jongmense uitoefen. Die

jongmense is nie net die leiers van môre nie; hulle neem reeds op baie terreine die leiding. Hulle bepaal die tendense en kultuur van die toekoms. Bid **Handelinge 2:17-20** vir hierdie geslag jongmense. Mag hulle opstaan as profete, apostels, leraars, evangeliste en priesters in ons nasie. Kom ons bid dit met geloof. God kom Sy beloftes na.

Gebedsfokus op kinders: Kampala se kwesbare kinders
Die *Friends of Canon Gideon Foundation* werk in verskeie gebiede rondom Kampala met 200 kwesbare kinders. Bid asseblief vir 'n gesin wat almal MIV-positief is en waar die oudste, wat 25 jaar oud is, vir haar jonger suster en drie broers sorg. Sy volg tans 'n kursus in kleremakery, maar is werkloos en het 'n inkomste nodig vir skoolgeld, boeke, klere en mediese sorg vir die ander kinders. Bid vir duisende huishoudings in Afrika waar kinders aan die hoof staan. (*Viva - Together for Children*. Webruimte: www.viva.org of e-pos: jgreen@viva.org).

Woensdag 17 Junie 2009
***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 17**
Bid die seën: *Die Here verydel die planne van die nasies, Hy laat hulle besluite op niks uitloop. Maar die planne van die Here staan vir altyd vas, sy besluite van geslag tot geslag. Dit gaan goed met die nasie wie se God die Here is, met die volk wat Hy vir Hom as sy eie gekies het. Die Here kyk uit die hemel en sien al die mense. Van die plek waar Hy as koning sit, sien Hy almal wat onder op die aarde woon. Dit is Hy wat hulle verstand gevorm het, wat al hulle werk deurgrond. Dit is nie deur 'n groot leër dat 'n koning wen nie, en nie deur groot krag dat 'n held behoue uitkom nie. Dit is nie waar dat die perd die oorwinning gee en dat sy groot krag redding bring nie. Dit is die Here wat sorg vir dié wat Hom eer, vir dié wat op sy mag vertrou om hulle van die dood te red en hulle in die lewe te hou in hongersnood* (**Ps.33:10-19**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus nie wil hê dat enigiemand verlore moet gaan nie, maar dat alle mense tot die reddende kennis moet kom dat Hy die Seun van God is (**2 Pet.3:9; Joh.3:16**).
Bid te voet: Vra die Heilige Gees om vandag iemand vir jou te wys met wie jy die evangelie kan deel deur aan die begin net te vra of jy vir hulle kan bid. Onthou om vir die nasies en mense groepe te bid wat nog nie die evangelie van Jesus Christus gehoor het nie.

Gebedsfokus op kinders: *Childline*
Childline is 'n doeltreffende nie-winsgewende organisasie wat werk om kinders teen alle vorme van geweld te beskerm en 'n kultuur van kinderregte in Suid-Afrika te skep. 'n Tolvrye nommer **0800 055 555** vir kinders is **24 uur per dag beskikbaar** en alles wat die kind sê, bly vertroulik. (Webruimte: http://www.childlinesa.org.za/component/option,com_frontpage/Itemid,1/). Dank die Here vir hierdie hulplyn. Bid asseblief dat die kinders dit sal gebruik, effektief daardeur gehelp sal word en nie langer misbruik sal word nie.

Donderdag 18 Junie 2009
***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 18**
Bid die seën: *Dit gaan goed met dié wat onberispelik lewe, dié wat wandel volgens die woord van die Here. Dit gaan goed met dié wat sy verordeninge gehoorsaam, dié wat met hulle hele hart sy wil doen, geen onreg pleeg nie en in sy weë wandel. U het u bevele gegee dat dit ten volle uitgevoer moet word. As ek tog maar net op 'n vaste koers kan bly en my aan u voorskrifte kan hou! As ek al u gebooie in ag neem, sal ek nooit raadop wees nie. U bepalings is regverdig; as ek hulle ter harte neem, sal ek U loof met 'n opregte hart. Ek sal my aan u voorskrifte hou: moet my tog nooit verlaat nie* (**Ps.119:1-8**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus 'n regverdige regter is en dat Sy koninkryk 'n koninkryk van geregtigheid is (**Op.9:11; Jes.9:7**).
Bid te voet: Bid by die landdroskantoor of stadsraadskantoor in jou gebied. Vra dat diegene wat besluite namens die stad of dorp moet neem, dit in afhanklikheid van God en volgens God se wil sal doen. Bid vir hulle redding.

Gebedsfokus: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Bid asseblief vandag vir elke personeellid wat landswyd by die onderskeie kantore van *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* werk. Bid spesifiek vir hulle en hul gesinne se liggaamlike gesondheid en beskerming teen siekte, rampe en geestelike verdrukking. Vra vir nuwe krag, insig en entoesiasme om die werk van gebed in hierdie land en in die buiteland uit te bou. Bid dat God nuwe deure sal oopmaak om gebed as 'n lewenstyl op verskillende lewensterreine te bevorder en mense sal inspireer om tot God te roep. Bid saam met ons dat die gebedsmateriaal nie in die pos sal wegraak nie, veral wanneer die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids* gepos moet word. (*Jerigo Mure*

Internasionale Gebedsnetwerk, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Vrydag 19 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 19**

Bid die seën: *…Daar kom toe 'n Samaritaanse vrou water haal, en Jesus vra vir haar: "Gee My 'n bietjie water om te drink." Sy dissipels was intussen weg dorp toe om te gaan kos koop. Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: "Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?" Die Jode en die Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie. Jesus het haar geantwoord: "As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: 'Gee My 'n bietjie water om te drink,' sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het … Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry; maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee"* (**Joh.4:6-14**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus die gewer van die water van die lewe is, en dat Hy alles vir ons gegee het om 'n godvresende lewe te kan lei (**Op.21:6; 2 Pet.1:3**).

Bid te voet: Bid by die waterbron(ne) van jou dorp of stad, byvoorbeeld 'n put, fontein, opgaartenk of dam en vra dat God nie net suiwer, skoon water sal gee vir menslike gebruik nie, maar ook strome Lewende Water in jou gemeenskap sal laat vloei.

Gebedsfokus op kinders: Webruimte teen kinderpornografie

Die *Film- en Publikasieraad (FBR)* het die *Pro-Child* webruimte van stapel gestuur wat daarop gemik is om kinderpornografie in Suid-Afrika uit te wis. Deur die Internet-blitslyn verskaf die *Pro-Child* webruimte die geleentheid vir lede van die publiek om gevalle van beeldmateriaal van die seksuele misbruik van kinders op die Internet aan te meld en aan die kaak te stel. (Webruimte: http://www.sangonet.org.za/portal/index.php?option=com_content&task=view&id=9732&Itemid=1). Dank die Here vir inisiatiewe soos hierdie. Bid dat dit suksesvol sal wees, nie net in die aanmelding nie, maar ook dat pedofiele en kindermolesteerders in Suid-Afrika aan die kaak gestel en vervolg sal word. Bid ook vir die redding van hierdie mense – hulle was dikwels self as kinders misbruik. Bid dat hierdie bose kringloop gebreek sal word.

Saterdag 20 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 20**

Bid die seën: *Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom. Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou* (**1 Tess.5:23-24**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat God die Heilige Gees gestuur het om Sy Kerk te bemagtig om Sy wil en opdrag vir hierdie generasie uit te voer (**Hand.1:8; 2 Tim.1:9**).

Bid te voet: Soek 'n plek waar die evangelie jou dorp of stad of land binnegekom het, bv. by die hawens en gaan bid daar, of by 'n plek waar jy kan proklameer dat God se plan vir jou nasie is om Jesus Christus as die Seun van God en die Redder van die wêreld te ken. Vra God vir 'n nuwe uitstorting van sy Heilige Gees oor die mense sodat hulle Christus kan volg.

Fokus op ontwortelde mense: *Wêreldvlugtelingedag 2009*

Dink 'n bietjie hoe ingrypend jou wêreld sal verander as jy, sonder om vooraf in kennis gestel te word, gedwing sou word om jou huis en besittings agter te laat en in 'n gebied te gaan bly waar jy niemand ken en geen idee het waar jou volgende maaltyd vandaan gaan kom nie. Baie lande en streke hou al jare lank hulle eie Vlugtelingedag/week. In solidariteit met Afrika, wat die meeste vlugtelinge moet hanteer en tradisioneel groot mededeelsaamheid bewys, is 'n spesiale besluit in 2000 eenparig deur die Algemene Vergadering van die *VN* aanvaar wat 20 Junie elke jaar as *Wêreldvlugtelingedag* aangewys het. (Webruimte: http://www.globaleducation.edna.edu.au/globaled/noticeboards?nbpath=4882,601833). Bid vandag spesiaal vir vlugtelinge wêreldwyd. Dra ook Zimbabwiërs wat tans in Suid-Afrika woon, in gebed aan die Here op.

Memoriseer
Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die Koninkryk van die hemel (**Matt.5:3**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Gesinsfokus
Ons Vader wat in die hemel is
'n Mens kan die "Ons Vader"-gebed met 'n geestelike huis vergelyk. Oor die volgende aantal weke gaan ons die Heilige Gees vertrou om ons te leer om in Sy huis van gebed te woon. Die eerste "vertrek" van hierdie gebedshuis is om Hom as jou Vader te erken. Hy is jou Pa in die hemel en beskikbaar vir jou. Hy is nooit te besig om na jou te luister nie. Of jy dit glo of nie, Hy hou regtig van jou. Om 'n gesonde gebedslewe te kan hê, moet jy oortuig wees van jou Vader se liefde vir jou en in 'n intieme verhouding met Hom leef. Net seuns en dogters wat oortuig is daarvan dat hulle hemelse Vader hulle liefhet, sal so 'n geborge verhouding met Hom hê.

Stel jouself in op God se perspektief: Voel jy so oor jou hemelse Vader? Onthou dis nie 'n skande as jou antwoord 'n reguit "nee" is nie. Die begin van die herstel van hierdie geborgenheid is om met God jou hemelse Vader te praat asof Hy werklik is, asof Hy in die vertrek is, want Hy ís. Dink aan Hom as 'n werklike Persoon daar by jou in die kamer. Moenie haastig wees nie, neem tyd om oor hierdie vrae te dink en met Hom te praat, selfs hardop as jy wil. Vertel Hom alles wat op jou hart is. Hy begeer regtig om *fellowship* (geloofsgemeenskap) met jou te hê.

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 21**
Bid die seën: *Is dit ál wat Ek op 'n vasdag wil hê: net dat 'n mens homself verneder, dat hy sy nek buig soos 'n biesie en in sak en as sit? … Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek? Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie? Dan sal die lig vir jou deurbreek soos die rooidag, jy sal gou herstel. Hy wat jou red, sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom. Dan sal jy roep, en die Here sal antwoord, jy sal om hulp roep, en Hy sal sê: Hier is Ek! As jy sorg dat mense nie meer by jou verdruk word nie, nie meer gedreig en vals beskuldig word nie, as jy jou wy aan dié wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag* (**Jes.58:5-10**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat ons Vader in die hemel die behoeftes van elke persoon op aarde ken en daarin wil voorsien (**Luk.12:22-31**).
Bid te voet: Gaan soek 'n bedelaar of 'n persoon wat in nood verkeer en bid vir hom of haar. Bewys God se voorsiening prakties vir hom of haar in ooreenstemming met **Jakobus 2:14-16**.

Nasionale gebedsfokus: Hoe bid ons in hierdie moeilike ekonomiese tyd?

Mense kan dikwels baie dinge hanteer, maar wanneer hulle geld min raak, raak hulle vinnig benoud. Die ekonomie verkeer wêreldwyd tans onder groot druk en ons voel dit ook in Suid-Afrika. Dit gaan sleg. Honderde miljoene mense se lewens word negatief hierdeur beïnvloed.

Hoe bid ek en jy in hierdie tyd? Neem die volgende as riglyne:

1. Moenie jouself aan vrees oorgee nie. Vrees pas nie by 'n Christen wat weet dat God die hemel en die aarde gemaak het en alles in Sy hand het nie. God sorg vir die voëls van die hemel en die veldblomme. Hy sal vir jou ook sorg (**Matt.6:25-33**). Gaan staan met jou vrees voor die Here en kyk na God totdat jy Sy almag duideliker kan sien as die ekonomie en jou vrees.
2. Jesus het gesê: Soek eers die Koninkryk van God en Hy sal vir jou ál die ander dinge gee wat jy nodig het (**Matt.6:33**). Neem 'n besluit om Sy belofte meer te glo as die omstandighede wat jy rondom jou sien. Vra God die Vader wat dit in jou geval beteken om eers die Koninkryk van God te soek.
3. Tot 'n groot mate het gierigheid die wêreld gebring waar hy nou is. Wees vergenoegd met wat jy het. Maak jou hart voor God oop. Vra Hom om vir jou elke vorm van gierigheid en onvergenoegdheid in jou hart te wys. Vra Hom om vir jou te wys as daar goed is wat jy begeer, wat jy nie regtig nodig het nie. Vra Hom om vir jou te wys hoekom jy dit wil hê en ook hoekom jy onvergenoegd is. Dank God vir dit wat Hy jou gee. Paulus

skryf: *Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het…as ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees* (**1 Tim.6:6-8**).

4. Gierigheid se diepste wortels is vrees vir armoede en selfsug. Gaan staan voor God en vra Hom om jou te versorg en bely elke vorm van selfsug. Selfsug se wortel is ons onvermoë om God se onvoorwaardelike en voldoende versorgende liefde vir ons te verstaan. Dan probeer ons vir onsself sorg. Vra die Vader om Sy liefde aan jou te openbaar: Dit sal die vrees verdryf en jou help om van jouself af weg te kyk (**1 Tim.6:9-10**).
5. Gierigheid se mag word o.a. gebreek wanneer ons begin om met blymoedigheid te gee. Vra die Here Jesus om vir jou mense in nood te wys en wees jý dan die antwoord op hulle gebede. In moeilike tye is ons geneig om ons hande toe te maak vir die nood van ander. Vir ons as Christene moet dit egter juis anders wees.
6. Gee jou tiendes. Daardie deel van jou inkomste behoort aan die Here. Moenie met God hieroor probeer onderhandel nie. Moenie oor die beginsel redeneer nie. God sê ons moet Hom toets: As ons ons tiendes gee, sal Hy vir ons gee, oorvloedig gee. Dit mag dalk nie vir jou sin maak om in moeilike tye jou tiende te gee nie. God se koninkryk werk egter anders. God is niemand se skuldenaar nie: Laat ons doen wat ons moet doen en God sal doen wat Hy beloof het om te doen.
7. Betaal jou skuld, alles. Dit is skuld wat jý gemaak het en jý is verantwoordelik daarvoor om dit terug te betaal. Selfs al beteken dit dat jy op ander terreine gebrek moet lei, moet jy dit nogtans doen.
8. Moenie steel nie. Moet ook nie privaat oproepe of fotostate by die werk maak sonder om daarvoor te betaal nie. Moenie tyd steel deur vroeg te loop of laat in te kom nie. Betaal jou belasting: alles. Vra die Here om vir jou te wys of daar dinge is wat jy doen wat Hom nie behaag nie en bely en laat staan dit.
9. Moenie omkoop geld betaal of aanvaar nie. Moenie kompromieë hiermee maak nie.
10. Bid vir jou daaglikse brood. So leer die Here Jesus ons in **Matt.6:11**. Ons dink dikwels ons kan deur ons harde werk en ons slim planne vir onsself en ons gesinne sorg. Jesus sê: 'Bid'. Wanneer ons bid en vra, sal Hy gee en voorsien: Werk, gesondheid, beskerming, krag en alles wat ons nodig het.

Baie belangrik: Moenie meer as jou inkomste spandeer nie; kyk waarsonder jy kan klaarkom; leef eenvoudiger; ry saam met ander; beplan jou ritte; spaar elektrisiteit en water. Moenie geld leen nie. Help bou aan 'n kultuur waar mense mekaar help deur bv. gereedskap en kundigheid met mekaar te deel.

Maandag 22 Junie 2009

Gebedsfokus op redding: Persone wat oorgewig is

Hoewel dit nie uiterlik so mag lyk nie, is baie oorgewig persone dikwels teruggetrokke en skaam, het 'n swak selfbeeld en ly dikwels aan verwerping. Nie almal is skuldig aan ooreet nie; sommige het gesondheidsprobleme wat veroorsaak dat hulle gewig aansit. Vra God om so 'n persoon vir jou te wys met wie jy bevriend kan raak en vir wie jy gereeld kan bid. Bid vir geleenthede in hulle lewens om aan Jesus Christus as die oplossing vir hulle situasie te dink, sowel fisies as emosioneel.

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 22**

Bid die seën: *Gee tog ag op my geroep, Here, gee my insig soos U beloof het. Luister tog na my smeekgebed, red my volgens u belofte. Die lof sal oor my lippe stroom, want U leer my u voorskrifte. Ek sal u woord besing, want al u gebooie is regverdig. Help my tog altyd, want ek stel u bevele eerste. Ek smag na u hulp, Here, in u wet vind ek my vreugde. Laat my lewe dat ek U kan loof, laat u bepalings my steun wees. As ek sou ronddwaal soos 'n skaap wat weggeraak het, soek my dan, want u gebooie het ek nie verontagsaam nie* (**Ps.119:169-176**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus die Weg, die Waarheid en die Lewe is en dat daar in Hom oorvloed van lewe is (**Joh. 14:6; Ps.16:11**).

Bid te voet: As 'n groep, besoek en bid by 'n rehabilitasiesentrum vir mense wat van dwelms en ander chemiese middels afhanklik is, dat hulle vrygemaak sal word en 'n lewe van dankbaarheid teenoor God sal lei. Vra pasiënte of hul familielede of hulle gewillig sou wees om name te verskaf sodat jy persoonlik vir mense in die sentrum kan intree.

Evangelisasie fokus: Internasionale uitsaaier belê in landelike Suid-Afrika

Die internasionale Christelike uitsaaier, *Far East Broadcasting Association (F.E.B.A.) Radio* het onlangs 'n plaaslike radioprojek van stapel gestuur om radiostasies in landelike gebiede te voorsien van gehalteprogramme vir maatskaplike ontwikkeling wat op die Bybel gebaseer is. Die projek met die naam *Time for Hope* is geloods in Tumahole, naby Parys in Suid-Afrika, waar ongeveer 70 000 Sesotho- en Xhosa-sprekende luisteraars op hulle plaaslike radiostasie, *Lentswe Stereo*, inskakel vir nuus en vermaak. Intensiewe navorsing wat onlangs in Tumahole

uitgevoer is, het aangetoon dat 'n groot persentasie van die inwoners gebuk gaan onder tienerswangerskappe, werkloosheid, armoede en MIV/VIGS. (*F.E.B.A. Radio* Suid-Afrika, Posbus 26270, Gezina, 0031. Tel.: 012 335 708/764, faks: 012 335 8134. Webruimte: www.febaradio.co.za of e-pos: febasa@corpdial.co.za). Dank die Here vir hierdie projek. Bid asseblief dat kosbare lewens aangeraak en genees sal word, en 'n getuienis van God se goedheid sal wees.

Dinsdag 23 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 23**

Bid die seën: *Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die Koninkryk van die hemel. Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word. Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang. Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word. Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word. Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien. Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word. Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort Die Koninkryk van die hemel. Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê* (**Matt.5:3-11**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus Christus die Vredevors is en dat net Hy die vrede gee wat alle verstand te bowe gaan (**Jes.9:6; Fil.4:7**).

Bid te voet: Bid by julle polisiestasie of die weermag se barakke, vir die gewapende magte of vredesmagte. As jy nie by die plek kan ingaan nie, bid 'n seënbede oor almal daarbinne. Doen dit voortaan elke keer as jy daar verbygaan.

Gebedsfokus op die jeug: Realiteit van Satanisme

Die Wes-Rand is die nuwe "hekse-mekka" in Gauteng met honderde minderjariges – insluitende baie laerskoolleerlinge – wat na bewering by Satanisme betrokke is. Honderde skoolkinders word na Satanisme gelok, sommige uit nuuskierigheid of verveeldheid en raak op dié manier betrokke by misdaad, dwelms en prostitusie. Die jongste heks is 12 jaar oud. Na raming is daar ongeveer 62 000 Sataniste in Suid-Afrika en 80% is jonger as 18. *Vader, ons bid in die Naam van Jesus vir die beskerming van ons kinders. Ons vra dat U U engele opdrag sal gee aangaande hulle om hulle te beskerm sodat niks hulle kwaad sal aandoen nie. Red hulle uit die kloue van Satan. Versterk U kinders se geloof sodat hulle Christus vrymoedig sal volg en nie onder groepsdruk sal swig nie.*

Woensdag 24 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 24**

Bid die seën: *Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees* (**2 Kor.13:13**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat God alle mense deur Jesus Christus wil seën met genade, barmhartigheid en vergifnis (**Joh.20:29-31**).

Bid te voet: Bid vir almal wat in die diens van jou stad of dorp is, bv. munisipale beamptes, bankamptenare en bus- of taxibestuurders, bid vir hulle redding en dat die genade van die Here Jesus met hulle sal wees.

Gebedsfokus op MIV-weeskinders: *Ziphakamise Emseni Child & Youth Care Centre*

Die Ziphakamise Emseni Child & Youth Care Centre is 'n tydelike skuiling vir kinders en jongmense wat deur MIV/VIGS geïnfekteer is of daardeur geraak word wanneer geen oorblywende familielede opgespoor kan word nie. Sommige families laat eenvoudig kinders wat MIV-positief is, aan hulle eie lot oor. Familielede wat wel opgespoor word, word geïdentifiseer met die oog op vaardigheidsopleiding en toerusting met bekwaamhede om die familie te help. Bid vir hierdie kinders, dat die nodige fondse gevind sal word om hulle in staat te stel om skool toe te gaan, ook vir klere, kos en ander benodigdhede. Dra ook die versorgers van die kinders in gebed aan die Here op, dat hulle deernis, begrip en liefde vir hulle werk sal hê. (*Ziphakamise's Emseni Child & Youth Care Centre*. Posbus 511, Port Shepstone, 4240. Tel.: 039 682 1834, faks: 039 682 1795. Webruimte: www.ziphakamise.org.za of e-pos: zipha@ziphakamise.org.za).

Donderdag 25 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 25**

Bid die seën: *Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word. Dit gaan goed met die mens vir wie die Here die oortreding nie toereken nie en in wie se gees daar geen valsheid is nie* (**Ps.32:1,2**).

Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat daar deur die bloed van Jesus Christus vergifnis beskikbaar is vir elke sonde van my volk (**Ef.1:7; Luk.24:46-47**).
Bid te voet: Besoek plekke waar sonde opvallend aan die orde van die dag is, bv. bordele, nagklubs of dobbelplekke. Bid vir die mense wat vasgevang is in die greep van sonde en vra God om jou 'n hart vol deernis vir hulle te gee. Indien moontlik, praat met van die mense, vra uit oor hulle omstandighede en hoekom hulle daar is.

Gebedsfokus op gesondheid: Bloedtoets vir Downsindroom
Tot dusver kon die toestand Downsindroom voor geboorte slegs bevestig word deur middel van amniosentese, dit wil sê om 'n klein hoeveelheid van die amniotiese vloeistof wat die fetus omring, met 'n naald te onttrek. Maar naalde wat in die rigting van 'n fetus gesteek word, hou 'n 1 uit 200 kans vir 'n miskraam in. Nou kan 'n nuwe genetiese toets met 'n eenvoudige bloedmonster van die ma moontlik die toestand aan die lig bring aangesien klein hoeveelhede van die fetus se DNA die moeder se bloedstroom binnegaan. Die toets is tans in die ontwikkelingstadium, maar kan die begin wees van 'n nuwe manier om sekere genetiese afwykings te identifiseer. (Webruimte: http://www.time.com/time/specials/2008/top10/article/0,30583,1855948_1863993_1864004,00.html). Bid vir verdere mediese deurbrake, bv. dat afwykende gene voor konsepsie uitgeskakel kan word. Bid ook vir ouers wat gehoor het dat hulle ongebore baba Downsindroom het, dat hulle hulleself geestelik en emosioneel daarop sal kan voorberei. Bid dat hulle genade en barmhartigheid sal ontvang.

Vrydag 26 Junie 2009
***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 26**
Bid die seën: *Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here, want Hy het die fondamente daarvan in die see gelê en dit stewig gevestig in die waters. Wie mag die berg van die Here opgaan en wie mag in sy heiligdom gaan staan? Dié een wie se hande rein en wie se hart suiwer is, wat alle bedrog vermy en geen vals eed aflê nie. So iemand sal van die Here seën ontvang, en God, sy redder, sal reg aan hom laat geskied. Die mense wat na sy wil vra en Hom dien, is die geslag van Jakob* (**Ps.24:1-6**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat Jesus die Koning van die konings en die Heer van die here is, en dat Hy die Heerser oor al die nasies is (**Hand.14:15-16; Op.1:5; Op.19:15**).
Bid te voet: Gaan besoek buitelandse ambassades en bid vir die nasies wat daar verteenwoordig word, dat hulle geregtigheid en redding in die Naam van Jesus Christus sal soek.

Gebedsfokus op die Woord: Die Bybel bemagtig kinders
In 2008 het *Geopende Deure* 6,9 miljoen Bybels en ander Christelike leesstof onder behoeftige Christene reg oor die wêreld versprei. Onlangs is daar Kinderbybels aan ongeveer 2 000 Nigeriese kinders in verafgeleë gebiede gegee. Die nuwe Kinderbybels bemagtig baie kinders en jongmense om aan hulle portuurgroep die evangelie te bring. (Lars Widerberg, *Intercessors Network*, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com). Bid dat baie ongeletterde kinders sal leer lees. Bid dat volwassenes ook deur die voorlees van die Kinderbybel aangeraak sal word.

Saterdag 27 Junie 2009
***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 27**
Bid die seën: *Ek haat huigelary, maar u wet het ek lief. By U skuil ek, U beskerm my, in u woord stel ek my vertroue. Gaan weg van my af, julle wat onreg doen; ek sal aan die gebooie van my God gehoorsaam bly. Laat my vas staan soos U beloof het, dat ek kan lewe, dat ek nie teleurgestel sal wees in my verwagting nie. Beskerm my, dan sal ek behoue bly en u voorskrifte gedurig voor oë hou. U verwerp almal wat van u voorskrifte afdwaal; met hulle ontrou mislei hulle hulleself. U verwyder al die goddeloses van die aarde af soos waardelose skuim, daarom het ek u verordeninge lief. Ek sidder van vrees vir U, ek het diepe ontsag vir u bepalings* (**Ps.119:113-120**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat God liefde is, dat Hy alle mense liefhet en dat Hy Sy liefde bewys het toe Hy Sy Seun, Jesus Christus, gestuur het om aan die kruis vir alle mense te sterf (**1 Joh. 4:8,10; Joh.3:16**).
Bid te voet: Doen spesiaal moeite om by mense van 'n ander ras betrokke te raak. Wees op die uitkyk vir geleenthede om 'n gebedswandeling in hulle gemeenskap te onderneem. Vra vir God om dit in jou hart te lê om op 'n gereelde grondslag vir mense en/of groepe van ander rasse te bid.

Gebedsfokus op rentmeesterskap: Geen water teen 2013?
Volgens die Minister van *Waterwese en Bosbou* sal Gauteng binne die volgende vyf jaar sonder water wees tensy dringende stappe gedoen word om diefstal, vermorsing en besoedeling te bekamp. Hy het ook gesê dat teen 2013 die aanvraag die beskikbaarheid van water in Suid-Afrika se belangrikste waterbron, die Vaalrivierstelsel, sal oorskry. Hierdie stelsel voorsien 60% van die ekonomie en 45% van die bevolking van water. Daar word geraam dat die vraag na water in Gauteng oor die volgende 20 jaar met 30% sal styg. (Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=13&art_id=vn20081205052202113C871190&newslett=1&em=177813a1a20081205ah). Bid asseblief dringend vir hierdie situasie. Vra dat die verantwoordelike amptenare wysheid van God sal kry oor hoe om effektiewe beplanning te doen om betyds in die vraag na water te voorsien.

Sondag 28 Junie 2009

Memoriseer
Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van Sy naam (**Ps.23:3**).

Skep jou persoonlike gebedshuis: Fokus op aanbidding
Laat U Naam geheilig word
Hoe kan ons as mense ooit die grootsheid van God se naam begryp? Sy naam is nie alleen 'n manier om Hom aan te spreek nie, dit sê ook wie Hy is. Sy naam weerspieël Sy bestaan van ewigheid af, Sy karakter en werke is ontsagwekkend, en hoewel die hemel Sy troon en die aarde die rusplek vir Sy voete is (**Hand.7:49**), kies God die Vader en Sy Seun om by ons te kom woon (**Joh.14:23**). Ons word geroep om heilig te wees, om soos Hy te wees (**1 Pet.1:16**). Die baie name van God leer ons iets oor Sy karakter. As ons oor Sy naam mediteer sal dit ons help om Hom beter te leer ken. Daar is 'n gedenkboek voor Hom geskryf vir diegene wat eerbied vir Hom het en oor Sy naam nadink (**Mal.3:16**).
Stel jouself in op God se perspektief: Elkeen wat in Jesus Christus as Verlosser glo, se naam word in daardie boek geskryf. Wil jy meer weet oor die Een wat jou naam daar laat opskryf het? Dit gaan tyd en toewyding vra om God te leer ken deur Sy Name te bestudeer en Hom vir die dieper betekenis daarvan te vra. Is jy bereid om dit te doen? Dit sal jou help om jou plek in te neem in die tweede 'vertrek' van die "Ons Vader"-gebedshuis. Begin deur die Psalmboek te lees en merk elke plek waar enige van God se Name staan. As jy later terugblaai na die Name van God wat jy gemerk het, sal jy verbaas wees oor hoeveel van hulle jy reeds geleer het.

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 28**
Bid die seën: *Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring. Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn sy magtige teenwoordigheid. Nasies kom na jou lig toe en konings na die glans van die nuwe dag wat vir jou aangebreek het* (**Jes.60:1-3**).
Sê wat jy glo: Ek glo en bely dat al die nasies op aarde die eiendom van Jesus Christus sal word (**Ps.2:8; Dan.7:14**).
Bid te voet: Besoek 'n toeriste-besienswaardigheid in jou omgewing en bid vir die redding van toeriste. Bid ook dat jou stad of dorp gevul sal word met die sigbare heerlikheid van die Here sodat die nasies sal kom om Hom te ontmoet en nie net om besienswaardighede te besoek nie.

Tieners-wat-bid: Steek die iPod-generasie aan die brand deur gebed

So, jy is jonk en propvol lewe en jy wil graag met God praat, maar jy sukkel om kontak te maak? As dit jy is, mag hierdie artikel 'n oplossing vir jou probleem bied! Het jy geweet dat ouer mense 1,7 dinge op 'n slag kan doen, terwyl jy maklik met 5,3 goed op 'n slag kan werk? Het jy geweet dat jongmense regoor die wêreld terugkeer na 'n leefstyl van nadenkende gebed wat hulle help om te fokus op belangrike sake wat hulle in hulle generasie verander wil hê?
Om meer as een ding gelyktydig te doen en in kontak met alles en almal te wees, is heeltemal normaal vir jou. Daarom maak dit net sin dat tegnologie 'n invloed op jou gebedslewe sal hê. Jy kan maklik met God 'praat' terwyl jy besig is met ander dinge wat ook jou aandag verg. Maar om na God te 'luister', is 'n perd van 'n ander kleur. Om God se stem te hoor moet elke mens 'n sekere mate van stilte hê. Vir almal van ons, groot en klein, bly **Psalm 46:11** uiters belangrik: *Bedaar en erken dat Ek God is*. Probeer minstens een of twee keer sommige van die volgende voorstelle wat jou sal help om met God kontak te maak en Sy stem te hoor. Meer as wat ons ooit kan droom, verlang Hy daarna om met ons te praat. Hy wil graag met JOU praat – meer as wat jy ooit kan dink, bid of vra!

Kry vir jou 'n plek om te bid. Dit kan moeilik wees om 'n plek in 'n lawaaierige woonstelblok te kry waar jy met God kan ontmoet. Vra vir die Here om vir jou 'n veilige en stil plek te wys waar jy op 'n gereelde basis stil kan gaan sit om te bid.
Skryf dit neer. Ek weet jy hou daarvan om te 'blog'. Hier is 'n voorstel: Beskou die hou van 'n joernaal as die 'blog' van jou gebede tot God. Jy kan hulle neerskryf in 'n boek of op jou rekenaar tik. NB. Sorg dat dit veilig en privaat gebêre word. Wag tussen-in om te hoor of God vir jou iets sê terwyl jy besig is om vir Hom te 'bid-skryf'.
Bid hardop. Praat met God asof Hy in die vertrek is, asof Hy 'n regte persoon is wat na jou luister. Hy ís in elk geval in die vertrek en Hy ís 'n realiteit! Probeer dit. Jy kan dit wat in jou hart en gedagtes is vir Hom sing ook. Al hierdie dinge word gebed genoem. Onthou om ook te luister. Die 'praatkant' van gebed moet gebalanseer word met die 'luisterkant'. Hy sal verseker iets hê om vir jou te sê!
Speel musiek. Jy hou daarvan om na musiek te luister, altyd? Sit 'n CD met instrumentale musiek op terwyl jy besig is met jou bidtyd. Dit sal jou help om te ontspan en op God te fokus as daar agtergrondgeluide is wat jy kan beheer. Probeer dit en onthou om ook tyd te maak om te luister en neer te skryf dit wat jy ervaar God vir jou sê.
Skakel af. Sit jou selfoon, jou e-pos en *facebook* af vir die volgende uur. Die lewe sal aangaan! Wenk: Vir minstens 'n uur per dag, skakel die wêreld af en '*facebook*' met God. Gee Hom voorkeur deur 'n praktiese ding te doen, wys vir Hom dat Hy nommer een is vir jou.
Ontspan, maar fokus. Ons kan baie tyd in aanbidding deurbring en dit is wonderlik. Maar vir gebedswerk moet ons doelbewus fokus om te hoor wat op God se hart is en Sy hartklop bid. Dit is vir Hom lekker. Maak seker dat jy elke dag vir ander dinge as net vir jou eie behoeftes bid. Bid vir mense aan wie die Heilige Gees jou herinner.
Bly aanlyn met God tot volgende keer…

Maandag 29 Junie 2009

Gebedsfokus op redding: Kankerspesialiste

Om mense te behandel en hoop te gee ten spyte daarvan dat jy oortuig is dat die meeste van hulle waarskynlik nie sal herstel nie, kan nie 'n maklike taak wees nie. Dra alle dokters, spesialiste en verpleegpersoneel in gebed aan die Here op waar hulle elke dag met die tragiese werklikheid van kanker te doen het. Bid vir hulle redding, dat hulle hul afhanklikheid van die groot Geneesheer sal verstaan en dat hulle wonderbaarlike genesings in hulle loopbaan sal sien. Bid dat God hulle guns sal gee om hulle pasiënte met ware troos te bedien en dat hulle nie self ook terneergedruk sal word nie.

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 29**

Bid die seën: *Daarom kniel ek in gebed voor die Vader aan wie die hele gemeenskap van Gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het. Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word, dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees. Mag julle in staat wees om saam met al die Gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek. Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God. Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink, aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen* (**Ef.3:14-21**).
Sê wat jy glo: Ek bely en glo dat die Naam van Jesus Christus bo alle name is en dat in die Naam van Jesus elke knie sal buig en elke tong sal bely dat Jesus Christus die Here is, tot die verheerliking van God die Vader (**Fil.2:9-11**).
Bid te voet: Bid op die hoogste plek van jou stad of dorp (bv. 'n berg, 'n heuwel of 'n toring) of in die middedorp of -stad. Kniel daar en bely jou geloof in Jesus Christus as die Here van jou lewe. Vra Hom om met sy lewenstransformerende krag en seën in julle stad of dorp in te kom.

Gebedsfokus op kinders: Meksiko

Prys God dat *Living Hope International* in Meksiko nou in staat is om grond te koop om met die bouwerk aan die nuwe *Living Hope Community* te begin. Die kinders sal binnekort uit substandaard behuising na 'n permanente tuiste kan trek. Dank die Here vir hierdie bediening. Bid veral vir kinders wat na die tehuis moes terugkom nadat hulle deur 'n familielid aangeneem is wat nie behoorlik vir hulle gesorg het nie. Bid dat hulle God as Vader en Vriend sal ontmoet. (*Viva - Together for Children*. Webruimte: www.viva.org of e-pos: jgreen@viva.org).

Dinsdag 30 Junie 2009

***90 Dae van Seën*: 1 Junie – 29 Augustus 2009: Dag 30**

Bid die seën: *Die Here sal julle seën en julle beskerm; die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees; die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee* (**Num.6:24-26**).

Sê wat jy glo: Ek glo dat God goed is en dat Hy ook vir my gekies het om 'n werktuig van geregtigheid te wees wat Hy kan gebruik om die nasies te seën (**3 Joh. 1:11**).

Bid te voet: Vra die Heilige Gees om vandag mense oor jou pad te bring wat Hom nodig het (Gelowiges of ongelowiges), en bid die seën van **Numeri 6** oor hulle.

Gebedsfokus op onderwys: *Die Nywerheidsontwikkelingskorporasie (NOK)* neem 15 Dinaledi-skole aan

Suid-Afrika se *NOK* het meer as R7 miljoen se ondersteuning aan die onderwysdepartement se Dinaledi-skoleprogram beloof. Hierdie program is gerig op die verbetering van onderrig in wiskunde en wetenskap. Die *NOK* het 15 skole "aangeneem" en het onderneem om hulle te befonds met R100 000 elk oor die volgende drie jaar. Daarbenewens sal die *NOK* aan 'n topleerling uit elke skool 'n beurs toeken vir drie jaar se tersiêre studie met die oog op 'n loopbaan in wiskunde, wetenskap en tegnologie. (Webruimte: http://www.southafrica.info/about/education/dinaledi-211008.htm). Dank die Here vir sulke praktiese antwoorde op gebede. Bid dat die belofte ten volle gestand gedoen sal word en die fondse op gepaste wyse gebruik sal word.

Woensdag 1 Julie 2009

Gebedsfokus op gevangenisse: Suid-Afrikaanse gevangenisse

Terwyl ons daarop fokus om volhardend vir deurbrake in ons land se gevangenisse te bid, wil ons jou ook uitnooi om by van die Christelike byeenkomste wat jy bywoon, hierdie saak te noem en te vra of julle as groep daarvoor kan intree. Aangrypende dinge het alreeds oor die afgelope twee jaar in ons land se gevangenisse plaasgevind. Laat ons daarin volhard om tot God te bid vir duisende voorbidders vir ons gevangenisse. Bid veral dat honderde gevangenes hulle lewens aan die Here sal oorgee en daar op die manier 'n ommekeer in ons gevangenisse sal kom. (Vir verdere inligting oor hoe om betrokke te raak by dienslewering aan gevangenes, skakel die *Jerigo Mure* kantore by tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op Israel: Basiese behoeftes

Baie Israeliese gesinne is nie in staat om in hulle skoolgaande kinders se mees basiese behoeftes soos skryfbehoeftes en kospakkies te voorsien nie. Verskillende Christen-organisasies binne Israel help om in hierdie behoeftes te voorsien uit fondse wat deur Gelowiges uit ander volke aangestuur word. Bid dat hierdie praktiese gebaar van liefde Jode se harte sal aanraak en dat hulle tot geloof in Christus Jesus sal kom. (*Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webruimte: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net).

Donderdag 2 Julie 2009

Gebedsfokus op gevangenisse: Getalle-bendes in beheer van gevangenisse in Suid-Afrika

Gevangenisse in Suid-Afrika gaan gebuk onder die invloed van drie bekende bendes waarvan die 28's die oudste is. Die 28's is in 1906 gestig na aanleiding van 'n opstand deur 28 gevangenes. Dit het 'n eiesoortige militêre-styl hiërargie, met uitvoerige kodes van straf en beloning en hulle eie seksuele gedrag en gewoontes tot stand gebring. 'n Ingewikkelde protokol bepaal watter nuwe rekrute as seksmaats vir gevestigde bendelede sal dien. (Webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/programmes/correspondent/1298829.stm). Vanselfsprekend vrees alle nie-lede hierdie bendes. Bid asseblief vir bendelede en veral vir die huidige leiers van die 28's in Suid-Afrikaanse gevangenisse. Bid dat die wortel van die ontstaan van hierdie groep uitgetrek en vernietig sal word en dat baie bendelede Jesus Christus as persoonlike Verlosser sal ontmoet.

Gebedsfokus op indiensneming: Twintig miljoen poste word bedreig

Daar word geraam dat die finansiële krisis tot 'n rekord werkloosheidsyfer kan lei met 20 miljoen werkers wêreldwyd wat teen die einde van 2009 werkloos kan wees, waarsku die *Internasionale Arbeidsorganisasie*. Werkloosheid kan van 190 miljoen in 2007 tot 210 miljoen teen die einde van 2009 styg, wat beteken dat dit die eerste keer in die geskiedenis sal wees dat die 210 miljoen-merk verbygesteek word. Die populasie van werkende armes wat met minder as een dollar per dag moet klaarkom, sal met 40 miljoen vermeerder en dié met twee dollar 'n dag, met meer as 'n 100 miljoen.

(Webruimte: http://www.iol.co.za/index.php?set_id=1&click_id=79&art_id=nw20081020165136169C177302&newslett=1&em=177813a6a20081030ah). Bly bid vir God se genade en ontferming, veral vir die armer mense wat swaarkry o.a. as gevolg van ryk mense se inhaligheid. Bid dat kospryse sal daal en dat elkeen 'n ordentlike maaltyd per dag sal kan geniet.

Vrydag 3 Julie 2009

Gebedsfokus op gevangenisse: Getalle-bendes in beheer van gevangenisse in Suid-Afrika (verv. 2 Julie)

Dit was a.g.v. opstand teen sodomie dat die tweede vernaamste bende tot stand gekom het: Die 27's-bende. Hulle staan in die gevangenisse bekend as die manne van bloed. Hulle lojaliteit teenoor hulle 'offisiere' word getoets deurdat hulle bereid moet wees om bewaarders en medegevangenes met 'n mes te steek. In *Pollsmoor Maksimum Gevangenis* is bykans die helfte van die bewaarders al minstens een keer met 'n mes gesteek of gesny. (Webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/programmes/correspondent/1298829.stm). Dra vandag al die lede van die 27's-bende reg oor die land in gebed aan die Here op. Bid ernstig vir hulle verlossing en dat die invloedryke leiers in hierdie bende berou sal kry oor hulle en hul voorgangers se dade. Bid dat Hy intersessors in ons gevangenisse sal opwek om vir die bendelede te bid sodat die bendes sal ontbind en lede as kinders van God sal begin funksioneer.

Gebedsfokus op gesondheid: Feite oor waterverwante siektes

Elke 15 sekondes sterf 'n kind aan 'n siekte wat op een of ander wyse met water verband hou. Waterverwante siektes is die hoof-oorsaak van sterftes by kinders onder vyf jaar. Ongeveer 88% van alle siektes word veroorsaak deur onveilige drinkwater, ontoereikende sanitasie en swak higiëne. (Webruimte: http://www.water.org/waterpartners.aspx?pgID=916). Moenie moeg raak om met gebed en smeking in te tree vir die benarde omstandighede van kinders wêreldwyd nie. Bid vir die doeltreffende en deurlopende suiwering van beskikbare waterbronne wêreldwyd.

Saterdag 4 Julie 2009

Gebedsfokus op gevangenisse: Getalle-bendes in beheer van gevangenisse in Suid-Afrika (verv. 3 Julie)

Die bende bekend as die 26's bewys hulle lojaliteit deur besittings te roof van bewaarders en medegevangenes. (Webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/programmes/correspondent/1298829.stm). Dra die lede van die 26's- bende in SA-gevangenisse in gebed aan die Here op. Bid vir 'n Goddelike ingryping in hulle lewens. Bid dat baie na die waarheid en die lewende God sal begin soek en dat hierdie bende in 2009 heeltemal omgekeer sal word vir Jesus. Bid dat baie gered sal word.

Gebedsfokus op prostitusie: Nuwe wette verbied die koop van seks in Noorweë

'n Nuwe wet is in Noorweë van krag, wat die koop van seks onwettig verklaar. Noorweërs wat betrap word dat hulle prostitute tuis of oorsee betaal vir seks, kan 'n stewige boete of ses maande gevangenisstraf opgelê word. Hierdie streng nuwe maatreëls is soortgelyk aan maatreëls wat reeds deur ander Skandinawiese lande soos Swede en Finland ingestel is. Die Noorweegse polisie is selfs gemagtig om afluister-apparaat te gebruik om inligting in te win. (Webruimte: http://news.bbc.co.uk/2/hi/europe/7806760.stm). Dank die Here vir hierdie wette. Bid dat Noorweë in staat sal wees om hierdie wet prakties toe te pas, maar ook dat die Kerk met empatie na prostitute sal uitreik, hulle vir Jesus sal wen en hulle sal help om hulle lewenstyl te verander en werk te kry om in hulle lewensbehoeftes te kan voorsien.